

18 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 28 (NAV)

God met ons

Jesus lewe! Hy het oorwin! Hy deel hierdie prestasie met jou: Jy tree die wêreld tegemoet, toegerus met die krag van Christus (Ef 1:18-23). En ...jy het 'n grootse opdrag: "Maak dissipels van al die nasies."

Hoekom is ons so geneig om grense te trek wat ons met moeite oorsteek? Wat maak ek met my onuithoubare kollega, my Arabiese handelaar, my werknemer, of iemand van 'n ander ras? Jou almagtige God se opdrag is: "Maak dissipels van alle nasies!" – alle nasies in steeds wyer wordende kringe (Hand 1:8). Om 'n dissipel te maak beteken jy moet so naby aan hom gaan staan dat hy in jou voetspore kan volg. Maak vriende met hom! Hy moet kan hoor en sien wat die magtige Christus reeds in jou lewe gedoen het (Matt 5:16). Jou doel is om hom in te lyf by die liggaam van Christus, sy kerk (Ef 4:3-6). Maar moenie vergeet nie: Enigiemand wat nie uit 'n oortuigde Christelike agtergrond kom nie, moet baie leer. Ons sê nooit vir 'n pasgebore baba: "Jy is nou gebore – sorg nou vir jouself" nie. Jy móét hulle begelei op pad na geestelike volwassenheid.

Wat 'n heerlike voorreg het God jou nie gegee nie. Jou sonde is vergewe. Jy is in jou amp herstel. Jy is weer God se verteenwoordiger op aarde (Gen 1:26). God doen sy werk deur jou!

Elkeen wat mense op die regte pad lei, sal vir altyd soos sterre skitter (Dan 12:3). Eendag wag daar vir jou 'n heerlike genadeloon.

Sing: Psalm 66:1,2

Ds APC Duvenage (Emeritus)